



Jy wil blomfoto's in jou tuin neem, maar die Augustus-wind waai alles deurmekaar. Wat moet jy doen? Die wenk is: Gaan steeds voort. Maak maats met die wind en jy kry dalk net 'n besondere skepping, soos die voorbladfoto.

In sekere dele van die land is die lente van korte duur. Augustus is nog deurmekaar met koues en kouefronte, en Oktober, selfs September, het al dæ wat byna somersdæ is. Geniet egter elke seisoen en laat elke dag vreugde bring – met madeliefies of wat ook jou gunsteling blom is. Hou jou kamera of selfoon gereed.

Sedert 2012 bied Towerlantern Fotografie foto-uitstallings van sy studente aan. Voor Covid-19 was dit plaaslik, tydens Covid-19 aanlyn (wel darem nie virtueel nie!) en tans plaaslik en aanlyn. Ons gee verderaan meer besonderhede van ons komende uitstalling in Potchefstroom en aanlyn. Kom reis ook saam met ons na Legoland.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa van [Colourcode Designs](#)

Wil jy graag 'n bydraë lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.

Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

voorbladfoto

Ons gee dit nie verniet as 'n wenk om, wat fotografie betref, met die wind maats te maak nie. Ons wil selfs verder gaan en maak wind ons tema in hierdie September-uitgawe.

Daar is baie variasies hoe om wind fotografies uit te beeld. Een moontlikheid is soos in die voorbladfoto. Hier is gebruik gemaak van 'n groot lensopening (f2,8) en 'n vinnige sluiterspoed van 1/400ste sekonde (want die madeliefies blom net as die son helder skyn!). Die blomme vertoon dan gedeeltelik skerperig, maar ook deurmekaar soos 'n klein seuntjie met ongekamde hare.


Die andersom variasie is natuurlik ook moontlik. Kies byvoorbeeld 'n klein lensopening, sê f32, met dan 'n stadige sluiterspoed, byvoorbeeld 4/5 sekonde. So kan jy selfs 'n woedende wind uitbeeld met armsalige blomme.

Kom verder saam om nog idees te leer ken.



Armsalige blomme

Lensopening: f32; Sluiterspoed: 4/5 sekonde; Fokale lengte: 100 mm




UIT TOWERLANTERN FOTOGRAFIE SE GESKIEDENIS

2022
- 15 jaar oud -

Soos die aanbiedings van Towerlantern toegeneem het en belangstellendes van Potchefstroom en die omliggende dorpe daarby betrokke geraak het, het die behoefte ontstaan om wyer kontak te maak met voornemende studente as net in die onmiddellike omgewing.

Daar is dus teen Februarie 2016 begin met aanlynkursusse. Eers vir die eerste vlak en daarna vir die tweede vlak. Die eerste bladsy van elkeen word hier afgebeeld.



Op daardie stadium het niemand natuurlik nog geweet van Covid-19 nie. Met die aanbreek van die griepandemie het dit toe geblyk watter bedekte seën die aanlynkursusse is. Ons kon direk van plaaslik oorgaan na aanlyn – selfs sonder enige ongerief. So beleef ons elke dag die seënende hand van die Here in die hele onderneming Towerlantern Fotografie.

September 2022

Towerlantern
LESERSGESKENK



Om Towerlantern se 15 jarige bestaansjaar te herdenk, gee ons gedurende September die geleentheid aan 3x2 (ses) lesers van Fotografienuus om as pare teen 'n 20% afslag ons eerstevlak selffoonkamera-kursus (aanlyn) af te handel. Die prys is normaalweg R1000 vir twee persone vir die kursus van 4 lesings. Gedurende September is die prys dus R800.

Stuur 'n e-pos aan ons by joan@towerlantern.co.za vir volledige inligting. In die kursus kan jy verwag om meer te wete te kom oor die werking van jou selffoonkamera en ook om meer te leer oor komposisie by foto's.

Towerlantern Fotografie
- september 2022 -

TOWERLANTERN FOTOGRAFIE *vier fees*

Towerlantern Fotografie vier aan die einde van vanjaar sy 15-jarige verjaarsdag. Neem nou al kennis daarvan.

As deel daarvan wil ons fotografe die geleentheid gee om in die Desember-uitgawe van Fotografienuus van hul beste foto's te publiseer. Dit sal nie 'n kompetisie-geleentheid wees nie, maar beseft wel dat daar 'n perk op die aantal fotografe gestel sal moet word.

Ons nooi jou dus nou al uit om te bevestig dat jy 1, of hoogstens 2, foto's sal wil instuur. Dit is nie nodig om nou al iets te stuur nie, jy bespreek eenvoudig nou maar net jou plek. Daar sal geen onkoste wees nie.

Ons hoor graag van jou.

ADVERTENSIE



Ek het hierdie lenstas en kamerasak wat ek wil verkoop. Albei is ongebruik en soos nuut. Vir die lenstas sal ek R300 aanvaar en vir die kamerasak R150. Kontak Flip Mostert by 084 290 7007.

waardering
van

lesers

Rona Jacobs (Gevorderdevlak-aanlynstudent), Bloemfontein skryf: Nogmaals baie dankie, weereens, vir 'n uitstekende sowel uitdagende Maand 5 lesings-materiaal en opdragte. Dit neem gelukkig nie meer duisend dæ, duisend foto's en te veel donker-woorde voor ek by die eindproduk uitkom nie.


Wat is “windfotografie”?

Die term “windfotografie” is ons eie skepping. Dit sê bloot net “fotografeer die wind” en kry prente van die wind of die uitwerking van die wind. Natuurlik is die term nie sommer net uit die lug (die wind?) gegryp nie, maar dit is analoog aan terme soos waterfotografie, nabyfotografie, ensovoorts.

Ons gee 'n klompie los idees om die gedagtes los te maak:

- **Name van windsterktes** (volgens die Beaufort-skaal, Wikipedia): ligte bries, sagte bries, matige bries, fris bries, sterk bries, matige stormwind, stormwind, sterk stormwind, storms, gewelddadige stormwind, orkaan.
- **Wind-apparate:** windturbines, windpompe, outydse windlaaiers.
- **Wind-vaartuie:** seilskepe.
- **Uitwerking van wind:** stofstorms, dwarrelwinde.
- **Allerlei:** asem, wasem, stoom, sambrele in die wind.

Dus: Sien ons toepassing as baie wyd. Selfs dalk wyer as wat jy kon dink. Jy sal egter verbaas wees om te sien wat jy alles ontdek as jy eers begin om met jou kamera rond te speel. Jy kan selfs die illusie van wind skep.



RIGLYNE

VIR WINDFOTOGRAFIE

KAMERA-INSTELLING: Die tegniek om 'n foto soos die voorbladfoto te kry, en om die foto by die rubriek "Voorbladfoto" te neem, word hier beskryf. Ons neem aan jy het 'n blomtoneel in winderige, maar sonskyn, omstandighede. Vir 'n stadiger sluiterspoed is 'n driepoot onontbeerlik.

TIPE LENS

'n Gespesialiseerde lens van 100 mm is gebruik. Gebruik wat jy beskikbaar het.

FORMAAT

Landskapformaat is miskien meer geskik as portretformaat; maar eksperimenteer self hiermee.

ISO

Begin met 'n lae ISO-waarde, naamlik 100. Moet dit nie verder verstel nie.

FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Onthou komposisie-afsprake en fokus op die trefpunt. Dis moeiliker in die wind!

WITBALANS

Maak 'n gepaste keuse na gelang van die ligomstandighede.

LENSOPENING


Stel die lensopening groot vir die eerste foto en klein vir die tweede.

SLUITERSPOED

Stel die sluiterspoed op 'n geskikte stelling (vir skerper / verwaaide blomme).

FYN FOKUSSERING

Kontroleer die fokussing en pas aan indien nodig.



ONS STERREHEMEL IN FOKUS

Teleskope

In Psalm 8:4-5 bely die destydse digter die volgende (en onthou, al die planete was selfs nie eens aan hom bekend nie, nog minder sterrestelsels):

As ek U hemel aanskou, die werk van u vingers,
die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het
wat is die mens dan dat U aan hom dink,
die mensekind dat U na hom omsien?

Hoe sou hierdie skrywer die psalm bewoord het as hy, soos ons, foto's kon sien wat deur die Hubble-teleskoop of die James Webb-ruimteteleskoop geneem is. Of anders gesê, skryf self 'n teks neer soos hierdie aangehaalde gedeelte, uitgaande van die moderne fotografiese geriewe en foto's. Moenie van die internet vergeet nie.

Die foto hierby is een van die eerstes wat deur die James Webb-ruimteteleskoop geneem is. By die vrystelling van hierdie foto

op 12 Julie 2022 word die beskrywing *NASA's Webb reveals cosmic cliffs, glittering landscape of star birth* gebruik. Ja, jy het reg geles – dis 'n stergeboorte! Die foto is geneem in die gebied van die Carina-newel.



Erkenning: NASA, ESA, CSA, and STScI

Bronne:


<https://www.nasa.gov/webbfirstimages>

<https://bit.ly/3e4bdzi>



Towerlantern Fotografie
- september 2022 -

OP INTERNET GESIEN



Met hierdie kunsfoto van die sportfotograaf, David Gray, het hy 'n eerste plek verwerf in die World Sports Photography Awards 2022. Dit is van Naomi Osaka wat 'n skoenlapper van haar rok afhaal tydens die Australiese Ope.

Stem jy saam dat hierdie foto in 'n heel ander klas as gewone sportfoto's is? Die skaduwee gee 'n interessante dimensie aan die foto. Die kontrasterende kleure dra ook by om die kyker se aandag te trek en te hou.

Kyk hier na ander weners in verskillende kategorieë van die kompetisie: <https://mymodernmet.com/world-sports-photography-awards/>



As daar mooi wolke, reënboë of weerlig is, dan gryp ons almal gou na die kamera. Dit is darem maar net iets wat mens graag wil vasvang.

Hierdie foto is ingeskryf vir die "Weather Photographer of the Year 2022"-kompetisie. Dit is van water wat stroom oor die wal van die Wet Sleddale-dam naby die dorp Shap in Cumbria, Verenigde Koninkryk. Die fotograaf, Andrew McCaren, wou die swaar reën en wind uitbeeld van Storm Dennis in Februarie 2020. Kyk hier na ander deelnemers: <https://cnn.it/3AR9h66>





MENING GEVRA:

Naakfotografie

Moenie skrik vir die opskrif nie – ons bedoel darem nie met hierdie opskrif blote ontbloting nie!

As fotograaf (op watter vlak ook al) behoort jy baie versigtig te wees met mensfoto's en wat jy uiteindelik daarmee gaan doen. Onthou altyd dat jy toestemming moet kry by persone, of ouers van minderjarige kinders, van wie jy foto's gaan neem. Dit sluit selfs ten volle geklede persone in. Bespreek ook vooraf waarvoor jy die foto's wil/sal gebruik (byvoorbeeld om in te stuur vir 'n kompetisie). En dit alles geld soveel te meer as dit by naakfotografie kom.

Naakfotografie, in die besonder semi-naakfotografie, het baie variasies. Dink maar net aan subgenres soos swangerskapfoto's, pasgeborebaba-foto's, onderklere-advertensiefoto's, boudoir-foto's, ensovoorts. Dink selfs

ook aan situasies waar jy byvoorbeeld 'n persoon se verrimpelde hande sou afneem!

Sou jy belangstel om jou op enige van hierdie terreine te waag, begin om vir jouself 'n portefeulje saam te stel van poserings en ander idees. Kry smaakvolle foto's en tonele op internet. Wys dit dan aan 'n belangstellende persoon voordat jy die fotosessie begin.

Ons betaal R100 vir jou sienswyse saam met die beste seminaakfoto wat gedurende September geneem is. Die foto moet ons op die laatste bereik teen 25 September 2022.

Bron (veilig): <https://www.format.com/online-portfolio-website/boudoir-photography/guide>



Aandfietsry en foto's

Luzelle Andrews, Baschleiden, Luxemburg



Ek stuur 'n paar foto's van vanaand (23 Augustus 2022) toe ek met my fiets bietjie buite ons dorpie gaan fietsry het. Net as interessante inligting, dit was reeds 21:10; die son gaan sak steeds laat.

Let op na die tyd wat Luzelle gee en hoe die sonsondergang nog gesien kan word – en dit ten spyte daarvan dat ons reeds twee maande weg is van die noordelike sonkeerpunt (21 Junie). Was Luzelle se horlosie reg? Ja. Was dit die werklike tyd? Nee. Ek het die saak aan Luzelle en haar familie verduidelik. Ek deel dit graag met almal aangesien jy op 'n oorsese toer dalk juis ook so iets sal ervaar.

Die tyd in Luxemburg, en in 'n baie groot deel van Wes-Europa, is tans dieselfde as ons s'n in Suid-Afrika. Maar, die tyd is met 2 uur aangepas. Dus was die werklike tyd 19:10 (en nie 21:10) nie.

Ons verduidelik die saak só: Luxemburg-stad se lengte-

graad is 6 grade oos en die breedtegraad is 50 grade noord.

Omdat Luxemburg ver noord lê, byna twee keer so ver van die ewenaar as Suid-Afrika, is die somer-ligdag baie lank. Dus word die horlosie een uur geskuif om meer lig in die aand as in die oggend te hê. Die Amerikaners noem dit *daylight savings time*.

Om te sorg dat die hele Wes-Europa dieselfde tyd het (onder andere vir maklike oorgrens-ritte), word nog 'n uur se aanpassing gemaak.

Vandaar die twee uur verskil.

Redakteursopmerking

GAAN OP REIS

saam met Towerlantern



Legoland, Denemarke



GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

'n Besoek aan Denemarke is sekerlik die moeite werd. Natuurlik het Kopenhagen baie aantreklikhede om te verken en te besoek. Maar die grootste verrassing is Lego en Legoland. Loer sommer eers in by <https://www.legoland.dk/> en kyk hoeveel Deens jy uitgepluis kry (Deens is trouens 'n ver familielid van Afrikaans).


Lego kom oorspronklik van Denemarke. In 2021 was Lego die grootste speelgoed-besigheid in die wêreld. Die Lego Groep het in die werkswinkel van Ole Kirk Christiansen, 'n skrynwerker van Billund, Denemarke, begin. Hy het in 1932 begin om houtspeelgoed te maak. In 1934 het sy besigheid die naam Lego aanvaar, afgelei van die Deense uitdrukking *leg godt*, "speel goed" (let op die twee woorde, dus nie "speelgoed" nie).

Lees meer oor hierdie interessante verhaal en plaas die naam LEGO op jou lys van plekke wat jy nog sal wil besoek.

Verwysing: <https://en.wikipedia.org/wiki/Lego>



Towerlantern Fotografie
- september 2022 -



DINK WYD OOR *Fotografie*

Groep-uitstalling deur fotograwe
van Towerlantern Fotografie

**Jy word hartlik uitgenooi na die
opening van ons foto-uitstalling:**

Datum: Maandag, 19 September 2022

Tyd: 18:00

Plek: Snowflake-gebou
(h/v Piet Bosman- en Wolmaransstraat)

Duur van uitstalling: 19-28 September 2022

07:00-19:00 (Weeksdae) en 09:00-19:00 (Saterdag)

Navrae: Johan de Klerk 082 884 7061


towerlantern
— fotografie —

FOTO- *idees*

Idee 1: Fotografeer die effek van die wind ... soos hierdie sandrimpelings.

Towerlantern Fotografie
- september 2022 -

FOTO- *idees*

Idee 2: Maak windturbines jou reis-fototema.

Towerlantern Fotografie
- september 2022 -

FOTO- *idees*

Idee 3: Beeld agterbeligte stof uit.



Towerlantern Fotografie
- september 2022 -

FOTO- *idees*

Idee 4: Maak rook – en verwaide rook – die fototema.



Towerlantern Fotografie
- september 2022 -

A photograph of laundry hanging on a line in a field of orange flowers. The laundry includes a dark blue long-sleeved shirt on the left, a light-colored hat in the center, and a pair of blue jeans on the right. The background is a field of orange flowers, possibly poppies, under a clear sky. An orange banner is overlaid on the top right, and an orange circle is on the top left.

FOTO- *idees*

Idee 5: Gaan op 'n winderige dag na jou wasgoeddraad toe en beeld die wind uit.